29 Mei 2020

WEEKLIKSE

PITKOS

RANDAGRI

PITKOS

INHOUD

Weer
- Plaaslike weervooruitsigte
- Weervooruitsigte vir die VSA, Brasilië en Argentinië

Pariteite
Invoer- en uitvoerpariteite van geelmielies

Internasionale landbou
- Afrikafokus: Zambië
- VSA-aanplantingsvordering

Plaaslike landbou
- In- en uitvoer van mielies
- Produsentelewerings
- Sojaboon-opbrengste

Nuus
Nasionale en Internasionale nuus

Wisselkoers
Oorsig oor die ZAR en VSA dollar-beweging

Prys-risikobestuur
Minimum/Maksimum opsie-strategie

PLAASLIKE

WEER



Veertien-dae weervooruitsig:

Die droë en koue weer wat vir die volgende twee weke vir Suid-Afrika in die vooruitsig gestel word, sal die droging van mielies versnel en dus die oestempo ondersteun.

Tien-dae weervooruitsig: Noord-Amerika

Goeie reënval word die week vir die oostelike dele van die mieliegordel voorspel. Indien die reënval realiseer sal dit die groeistadiums van mielies sowel as sonneblom ondersteun.



INTERNASIONALE

WEER

Tien-dae weervooruitsig: Suid-Amerika

Droë weer in Argentinië sal die oesproses verder ondersteun.

In Brasilië sal die reënval wat vir die suide voorspel word, verwelkom word aangesien die graan tot dusver erge droogte gely het.



INVOER- EN UITVOER-

PARITEITE



	JUL ’20	SEP ’20	DES ’20	MAR '21
PMB-invoerpariteit	R3 098	R3 295	R3 480	R3 570
Kaap-invoerpariteit	R2 836	R3 023	R3 146	R3 249
SAFEX geelmielies	R2 508	R2 554	R2 627	R2 663
Uitvoerpariteit	R2 441	R2 448	R2 536	R2 586

INTERNASIONALE

LANDBOU

FOKUS: Zambië

Mielies:

- Mielies verhandel teen laer pryse aangesien daar voldoende voorraad is, en danksy die feit dat ‘n uitstaande oes vir die jaar verwag word.
- Volgens onbekende bronne het die regering ingestem om 83 000 t mielies of mieliemeel uit te voer om plaaslike graanpryse te ondersteun.
- In hulle eerste oesskatting het die regering die totale mielieproduksie op 3,38 miljoen ton geskat.
- Die jaarlikse verbruik word tans op 2 miljoen ton beraam.

INTERNASIONALE

LANDBOU

VSA: aanplantingsvordering soos op 26 Mei 2020

Mielies:	Vorige jaar = 55 %	Sojabone: Vorige jaar = 26%
	Vorige week = 80%	Vorige week = 53%
	Huidige week = 88%	Huidige week = 65%
	5-jaar gemiddeld = 82%	5-jaar gemiddeld = 55%

PLAASLIKE

LANDBOU

2020/21 seisoen

Witmielies

- Uitvoer = 51 249 t
- Vorige week = 20 458 t
- Invoer = 0 t

Geelmielies

- Uitvoer = 22 901 t
- Vorige week = 7 348 t
- Invoer = 0 t
- Vorige week = 0 t



PLAASLIKE

LANDBOU

Sojaboon -opbrengste

	Gemiddelde **(2013-2019)**	**4de CEC**	**Rand Agri projeksie**
		TOT	**Opbrengs/ha**
Wes-Kaap	3,50	3,50	3,50
Vrystaat	1,44	1,70	1,85
Oos-Kaap	1,48	2,00	2,30
Kwazulu Natal	2,77	3,00	3,00
Mpumalanga	1,82	1,70	1,80
Limpopo	2,93	3,10	3,20
Gauteng	2,03	1,95	2,10
Noordwes	1,74	2,00	2,00
Totaal	**1,76**	**1,83**	**1,95**

PLAASLIKE

LANDBOU

Oliesade-produsentelewerings





PLAASLIKE

LANDBOU

Mielie-produsentelewerings





WISSELKOERS

R/$

DOLLAR - RAND CHART

Die Suid Afrikaanse geldeenheid verhandel vandeesweek sterker en het die hoogste vlak van R17,31 bereik. Die sterker rand kan toegeskryf word aan die verligting van Covid-19-inperkings regoor die wêreld, wat die plaaslike ekonomie ‘n hupstoot gegee het.

Die tegniese analise dui aan dat die rand onderwaardeer is in die wêreldmarkte en dat dit oor die kort termyn tot naby die R16,00 vlak kan versterk.

NASIONALE EN INTERNASIONALE

NUUS

ZAR veg terug teen Amerikaanse dollar

Die vertoning van die Suid-Afrikaanse geldeenheid teenoor die VSA dollar was Donderdag die beste in die afgelope nege weke. Die versterking van die rand kan toegegeskryf word aan die heersende optimisme dat die wêreld-ekonomie sal herstel danksy die verligting van Covid-19-inperkinge in verskeie lande.

Daarbenewens is die wrywing tussen China en Amerika besig om te vererger, wat druk op die Amerikaanse wisselkoers plaas.

Lees meer by:
https://www.moneyweb.co.za/news/markets/rand-climbs-to-nine-week-high-vs-dollar/

Mening:
'n Sterker rand sal plaaslike graanpryse onder druk plaas.

Vraag na diesel oorskry produksie in Suid-Afrika

Die "South African Petroleum Industry Association" (SAPIA) het bevestig dat Suid-Afrika se dieselvoorraad baie laag is. Dit kan grootliks toegeskryf word aan die feit dat die vraag na diesel vinniger toegeneem het as wat verwag is nadat die staat die Covid-19-inperkingstatus van vlak 5 na vlak 4 verlig het.

Daarbenewens het die onbeplande sluiting van sekere raffinaderye ook bygedra tot die afname in dieselvoorrade. Produksie behoort teen die einde van Mei te normaliseer.

Lees meer by:
https://www.farmersweekly.co.za/agri-news/south-africa/diesel-to-be-rationed-in-south-africa-until-the-end-of-may/

Mening:
Laer dieselvoorrade sal die kostes van brandstof opstoot, wat insetkostes sal verhoog.

Oes-insameling in Argentinië

Argentinië het tot dusver 93% van hul sojaboon-oes klaar ingesamel, teenoor die vyf-jaar gemiddeld van 80%. Dit is die vinnigste oestempo sedert die 2012/13 seisoen. Volgens die "Buenos Aires Grain Exchange" is die opbrengs van die sojaboon-oes na 2,9 t/ha verlaag, maar die totale produksie is onveranderd gelaat op 49,5 miljoen ton.

Die mielie-oes in Argentinië staan tans op 43,5% teenoor die 34% van die vyf-jaar gemiddeld. Die "Grain Exchange" het hul totale produksiesyfer onveranderd gelaat op 50 miljoen ton met 'n gemiddelde opbrengs van 9,1 t/ha.

Lees meer by:
http://www.soybeansandcorn.com/news/May27_20-201920-Argentina-Soybeans-93-Harvested-Corn-43-Harvested

Mening:
Die vinnige oestempo sal druk op internasionale pryse plaas en dus ook plaaslike pryse negatief affekteer.

OPSOMMING

- Droë weer wat gepaard gaan met koue temperature sal sorg dat laat aanplantings vinnig droog en dit sal dus die oesproses versnel.
- Geelmielies verhandel steeds baie na aan uitvoerpariteit, wat Suid-Afrika die geleentheid bied om mielies na die buiteland uit te voer.
- VSA se aanplantings beweeg einde se kant toe. Sojaboon- sowel as mielie-aanplanting is reeds bo die gemiddelde tempo.
- Die rand verstewig steeds teenoor die Amerikaanse dollar, wat druk op plaaslike graanpryse plaas.

PRYS

RISIKOBESTUUR

Minimum/Maksimumprys:

Hoe werk dit?

'n "Put" opsie word vir die kliënt aangekoop om 'n minimumvlak vas te stel. Om die koste laag te hou, word daar terselfdertyd 'n "call" opsie verkoop, wat die maksimumprys vir die kliënt vasstel.

Indien die markprys in die toekoms die maksimumvlak ("call" opsie) bereik, ontvang die kliënt 'n kort "future" posisie wat hulle dwing om hulle produk teen dié vlak te lewer.

Indien die minimumvlak (lang "put" opsie) van die markprys bereik word, is die kliënt daarvan verseker dat hulle teen die minimumvlak kan lewer, ongeag hoe ver die mark onder die vlak daal.

Veronderstel die kliënt doen 'n min/maks prys soos op die grafiek:

Die kliënt koop 'n "put" opsie @ R2 560 (minimumvlak) teen 'n koste van R120/t. Die kliënt verkoop 'n "call" opsie @ R3 000 (maksimumvlak) teen 'n premie van R25/t. Dus kan die kliënt nou 'n minimum van R2 560/t en 'n maksimum van R3 000/t vir hul graan ontvang.

Die strategie kos die kliënt in effek R120 (put) – R25 (call) = R95/t

Bulk Grain Trade and Supply
Safeguarding Prosperity
in Southern Africa
Servicing the agricultural commodity trade and grain processing communities with pride, since 2002.
Sourced, exported and delivered - directly to you.
A trusted expert on the JSE (Safex), specialising in hedging services.
Proudly delivering quality raw materials to millers and processors.
Wheat
White Maize
Yellow Maize
Sunflower Seeds
Sunflower Oil Cakes
(vegetable protein)
Soya Bean
Soya Bean Oil Cakes
(vegetable protein)
Our grains are promptly delivered to our clients' doorsteps for refining and processing.
Contact us today on +27 (0)13 243 1166 or visit www.randagri.co.za
RANDAGRI



KONTAK ONS

RANDAGRI

Tel: +27 (0) 13 243 1166
E-pos: info@randagri.co.za
Web: www.randagri.co.za
Adres: Samora Machelstraat 24,
Middelburg, Mpumalanga